



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

INTERMEDIËRE FASE

GRAAD 6

NOVEMBER 2017

AFRIKAANS HUISTAAL V3

PUNTE: 30

TYD: 1 uur

NAAM: _____



Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.
AFDELING A: Opstel (20 punte)
AFDELING B: Transaksionele Teks (10 punte)
2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.
3. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genummer is bv. 1.1 indien jy die onderwerp gekies het.
4. Skryf netjies en leesbaar met blou of swart ink.
5. Beplan jou werk voordat jy begin skryf (bv. kopkaart, sleutelwoorde).
6. Skenk aandag aan spelling en sinskonstruksie.
7. Gebruik jou tyd as volg:
40 minute vir AFDELING A
20 minute vir AFDELING B
8. Voltooi jou Opstel en Transaksionele Teks op aangehegde bylae.

AFDELING A: OPSTEL – KREATIEWE TEKS


VRAAG 1

INSTRUKSIES

1. Kies net EEN van die volgende opdragte hieronder.
2. Skryf 'n opstel van 140–150 woorde (6–8 paragrawe).
3. Dui die vraagnommer en titel bo die teks aan, bv. VRAAG 1.1: VAKANSIE!

**1.1 VAKANSIE !!!!!
Beskrywende Opstel**

Dis mos vakansietyd. Rondomtalieswaai. Ek ry op my fiets en maak 'n lawaai. Niemand gaan ons kinders pla. Ek hou regtig van vakansietyd, dan kan ek mos ...




[20]

OF


1.2 VERHALENDE OPSTEL

Kyk na die volgende strokiesprent: Skryf 'n storie oor wat jy dink gebeur het. Gee jou storie 'n titel.



[20]

OF



[20]

RUBRIEK VIR OPSTEL

KRITERIA	Totaal	Leerder punt
Inhoud	4	
Taalgebruik en styl	4	
Spelling en punktuasie	4	
Sinsbou en paragrawe	4	
Lengte van sinne	4	
TOTAAL:	20	

AFDELING B: TRANSAKSIONEEL / NASLAAN EN INFORMATIEF**VRAAG 2**

- Kies EEN van die volgende opdragte.
- Skryf 'n skryfstuk van ongeveer 60–80 woorde.
- Dui die titel bo die leesstuk aan.


2.1 DAGBOEKINSKRYWING

Jou beste maat het jou vals beskuldig dat jy 'n pen gesteel het. Skryf 'n dagboekinskrywing vir een dag. Vertel wat gebeur het. Hoe jy daarvoor gevoel het. Wat het aan die einde gebeur?

[10]**OF****2.2 INSTRUKSIETEKES**

Jy word gevra om ander leerders te leer hoe om 'n boom te plant. Skryf duidelike instruksies vir hulle neer hoe om die boom te plant. Kyk na die prente hieronder.

- Onthou jou benodigdhede en metode.

**[10]****OF**

2.3 DIALOOG

Lees die onderstaande paragraaf en voltooi die dialoog.

'n Seun en sy pa, Koos, sit op die stoep. Die seun, Jasper, het baie sleg in sy skoolwerk gevaar.

1. Voltooi die dialoog tussen Jasper en sy pa, Koos.
2. Gebruik die regte dialoogvorm.
3. Let op jou spelling, taal en puntuasie.

Jasper en sy pa sit op die stoep met sy skoolrapport in die hand.

Pa Koos : Seun ek wil nou baie dringend met jou gesels!

Jasper : (bangerig) Ja, pa ...

[10]

RUBRIEKE**DIALOOG**

KRITERIA	PUNTE	LEERDER TOTAAL
Kreatiwiteit	3	
Formaat	3	
Boodskap	4	
TOTAAL	10	

DAGBOEK/INSTRUKSIETEKES

KRITERIA	PUNT	LEERDERPUNT
Inhoud	5	
Taal en styl	5	
TOTAAL	10	

TOTAAL AFDELING A : 20
TOTAAL AFDELING B: 10
GROOTTOTAAL: 30

